STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 28 - 2017 • EDITION 28 - 2017

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners,

Ag, maar dis lekker om goeie nuus met u te deel! Veral omdat ons so hard werk om ons munisipaliteit 'n wêreldwenner te maak. Ons is dan ook so pas in kennis gestel dat Stellenbosch Munisipaliteit as nommer 3 in die wêreld geranglys is vir die investering en uitbreiding van internasionale maatskappye vir die biotegnologie sektor.

Hierdie toekenning is gemaak deur die internasionale tydskrif, fDi, wat deel uitmaak van die Financial Times-groep. Die toekenning word gedoen deur te kyk na direkte buitelandse beleggingsdata wat deur die fDi-markte saamgestel is en plekke word gelys volgens hul beleggingsrekord in die biotegnologie sektor, die aantal projekte, kapitale investering en werkskepping. Dit is 'n baie groot eer om gelys te word en dit is 'n teken dat daar positiewe dinge in ons dorp se ekonomie gebeur. Hierdie posisie sal ons ook help om nog positiewe en volhoubare beleggingsgeleenthede te lok na ons area wat sal oorspoel na ekonomiese groei en werksgeleenthede.

Bomestad Toekenning

Ek is ook bly om u in te lig dat ons gekortlys is vir die nasionale toekenning vir Bomestad/dorp van die jaar. Die toekenning is nie net vir bome maar die hele konteks van volhoubare groen verfraaiing van ons dorpe. Die finale uitslag sal eers later vanjaar bekend wees, maar help tog duim vashou vir 'n goeie uitslag! Sodra ek iets hoor sal ek dit met u deel. Ons werk onverpoos voort om die groen karakter van ons dorpe te behou al is dit met meer waterwysplante. Dit is 'n erfenis wat ons kan agterlaat om plesier

Dear Residents,

Oh, it is so wonderful to share good news with you, especially because we work so hard to make this an internationally prestigious municipality! We have just been informed that Stellenbosch Municipality has been ranked as number 3 in the world for investing and expansion of international companies for the biotechnology sector.

This award is given by the international magazine, fDi, which forms part of the Financial Times group. It is awarded by looking at places that are listed according to their investment records in the biotechnology sector, the amount of projects, capital investment and job creation. It is a very big honour to be listed and it is a sign that something positive is happening in the economy of our town. This position will assist in drawing more positive and sustainable investment opportunities to the area that will have an overflow effect and boost economic growth and job opportunities.

Arbor City Award

I am also happy to inform you that we have been shortlisted for the Arbour City of the year award. This award is not just about trees but about sustainable greening and beautification of our towns. The final result will only be announced later this year but we are hoping for a positive result! As soon as I hear something I will share it with you. We are working relentlessly to maintain the green character of our towns, even if it does involve more water wise plants. It is a piece of heritage that we can leave behind that will provide enjoyment

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Verkeersdruk
Traffic Congestion
bl/pg 3

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY INITIATIVE

te verskaf aan mense baie jare later. Ons nuwe hoof van parke, Albert van der Merwe, is baie ervare en doen wonderlike werk.

Nuwe finansiële jaar

Wanneer ons so ver in die jaar trek, voel dit vir my die einde van die jaar is net om die draai. Tog is dit net die begin van ons munisipale finansiële jaar, wat beteken ons nuwe begroting het begin op 1 Julie en ons kan begin werk aan al ons planne wat ons graag wil implementeer om die groter Stellenbosch 'n plek van geleenthede te maak. Dit is nou veral baie lekker, want dit is die eerste begroting wat ek saam met my span saamgestel het wat nou in werking tree.

Vroue- en Erfenismaand

Augustus en September is baie spesiale maande met belangrike temas. Augustus is Vrouemaand en September is Erfenismaand. Al sonder ons net een maand uit om te wy aan die regte van vroue, is dit vir my as vroue-burgemeester belangrik dat ons moet bewus wees van die kwesbare plek wat vroue elke dag in ons samelewing beklee en dat daar steeds diskriminasie is teen vroue as gevolg van hul geslag. Gebruik asseblief hierdie Vrouemaand om u dogters en seuns te leer van gelykheid en wedersydse respek vir mekaar. As ouers en leiers, het ons 'n verantwoordelikheid om die volgende generasie bewus te maak van gelykheid en die waarde van vroue se plek in ons samelewing. Daar is baie goeie voorbeelde van sterk vroueleiers in ons land wat ons kan bewonder en nastreef as rolmodelle vir ons toekoms.

September is vol interessante veldtogte en gebeure. Nie net is September Erfenismaand nie, dis ook Toerismemaand en Openbare Dienste Maand! In ons Munisipaliteit is ons erfenis so nou-verwant aan ons toerisme dat aandag aan die een, inderwaarheid ook die ander een bevoordeel. Baie mense reis na ons area juis om ons erfenis te ervaar. Daarom het ons begin met stelselmatige onderhoudswerk aan al die historiese geboue in ons besit. Dis 'n kosbare en opwindende bate wat ons moet oppas.

Waterbesparing is belangrik

Die onderwerp van water is nog steeds van ernstige belang. Alhoewel die winter 'n bietjie welkome reën gebring het, is dit nie naastenby genoeg om die droogte te breek nie en ten tye van hierdie skrywe was ons damme slegs 25% vol. Verlede jaar hierdie tyd was dit 75%! Baie minder reën het tot dusver vanjaar geval en op hierdie stadium lyk dit onwaarskynlik dat ons genoeg reën sal ontvang om die waterbeperkings enigsins te verlig. Dit vererger inteendeel elke dag. Met dit in gedagte was ons dus genoodsaak om ons waterbeperkings op te skuif na vlak 4B. Vlak 4B waterbeperkings beperk elke persoon se gebruik tot net 87 liter water per dag. Let dus asseblief ernstig op u daaglikse watergebruik. Uit hierdie 87 liter per dag moet u kos maak, bad, water drink en die toilet spoel. Dit klink erg, maar as ons let op al ons gebruik sal u verbaas wees hoeveel water ons kan spaar. Ek wil u ook vra om asseblief so ver moontlik gryswater te herwin en so water te spaar. Baie mense laat hul wasmasjienwater uitloop in 'n emmer en gebruik dit dan om die toilette mee te spoel. In my huis stort ons almal met 'n plastiek skottel en herwin weer die water wat opgevang word. Ek was bevoorreg om onlangs met kundiges van die universiteit ook

to people many years later. Our new head of parks, Albert van der Merwe, is very experienced and is doing wonderful work.

New financial year

When we are so far along in the year, it feels like the end is just around the corner. It is however only the start of our financial year, which means that our budget only started on 1 July and we can finally start working on all the plans that we want to implement to make Stellenbosch a place of opportunity. This is wonderful for me especially because it is the first budget that I have put together with my team.

Women's and Heritage Month

August and September are both special months with important themes. August is Women's Month and September is Heritage Month. As a female mayor, it is important that we are aware of the vulnerable space women still occupy in our community and that there still is a lot of discrimination against women because of their gender. Even though we only dedicate one month to the rights of women, we need to use it to teach our daughters and sons the importance of equality and mutual respect. As parents and leaders, we have a responsibility to make the next generation aware of equal rights and the value of women's place in society. There are many examples of strong women in our country that we can admire and strive towards as role models for the future.

September is full of interesting campaigns and events. Not only is it Heritage Month, September is also Tourism Month and Public Services Month! In our municipality heritage is so closely linked to tourism, that to tend to the one benefits the other as well. Many people travel to our area specifically to experience our heritage. That is why we started to systematically do maintenance to all our historical buildings we own. It is a precious and exciting asset that we need to look after.

Water saving still important

The subject of water is still of serious concern. Although we had some much needed and welcome rain during the winter, it has not been nearly enough to break the drought. At the time of writing this, the dams were only 25% full. At the same time last year the dam levels were at 75%! So far, a lot less rain has fallen and at this stage it looks unlikely that we will receive sufficient rain to relieve the water restrictions. The opposite is true in fact, the situation worsens daily. With this in mind we were forced to escalate the water restrictions to Level 4B. Level 4B water restrictions restrict every person to only 87 litres of water per day. Please carefully note your daily water consumption. From this 87 litres per day, you need to cook, drink, bathe and flush the toilet. It sounds terrible, but if we carefully note our consumption, you will be surprised on how much we can save. I want to please ask you to recycle your grey water as much as possible and to save water in this way. A lot of people let the water in their washing machines run into a bucket and uses it to flush the toilets with. In my house we all shower with a plastic bucket and reuse this water again.

hieroor te praat en daar is soveel innoverende uitvindings wat hopelik in die toekoms waterbesparing en herwinning makliker gaan maak. Dis verblydend om te weet dat daar slimkoppe is wat hieraan werk.

Kom ons oorkom ook hierdie krisis tesame. Inwoners wat nie water bespaar nie, gaan dit beslis aan hul sakke voel. Die nuwe watertariewe is reeds vanaf 1 Julie 2017 in werking en vlak 4 watertariewe word tans toegepas.

Verkeersdruk

Een van die uitdagings wat ons nou begin aanspreek is verkeersdruk en ons begin deur die opgradering van padkruisings. Kruisings langs die provinsiale pad wat ernstige verkeersopeenhoping ervaar, is op 'n prioriteitslys geplaas en sal opgradeer word soos begroting beskikbaar word. Die eerste drie wat ons gaan begin opgradeer aan die einde van Augustus is R44/Merrimanlaan, R44/Birdstraat/Koelenhofpad en Helshoogtepad/Leliestraat. Hierdie werk gaan addisionele afdraaibane voorsien en by sommige ook nuwe verkeersligte. Hierdie werk gaan ongelukkig vertragings meebring en ons vra dat u dit asseblief inreken by u reistyd. Ek verstaan dat hierdie vertragings tot frustrasie kan lei, maar wees asseblief geduldig! Wanneer hierdie werk voltooi is, sal dit tot voordeel wees vir ons almal.

Mooirivierpark

Ons gee baie aandag aan ons groen ruimtes en het onlangs die Mooirivierpark in Franschhoek geopen. Die park is nou toegerus met buitelug gimnasiumtoerusting en bied 'n wonderlike groen spasie vir die inwoners om te kan geniet. Groen ruimtes soos hierdie raak al hoe belangriker soos meer verstedeliking en verdigting plaasvind. Ons lewensruimtes is beperk en groot erwe is iets van die verlede. Soos met baie Europese stede word parke en groen ruimtes nou 'n belangrike komponent van ons daaglikse lewens om te kan oefen, speel en kuier saam met vriende en familie. Dit is egter belangrik dat u as inwoners ook deel in die verantwoordelikheid van hierdie ruimtes en dit skoonhou en help beskerm teen vandalisme. As u gaan stap, dra maar tog asseblief u plastieksakkie saam en tel rommel op. So verseker ons 'n beter omgewing vir almal.

Openbare deelname

Ons moet gedurig kyk na die veranderende omgewing en nuwe wetgewing en daarom hersien ons tans al ons verordeninge, ook bekend as by-wette. Dit is uiters noodsaaklik dat u aan hierdie prosesse deelneem wanneer dit oop is vir openbare deelname, want dit het 'n direkte impak op u en wat u mag doen in die munisipale opset. U insette en deelname is uiters belangrik. Ons kry dikwels mense wat nooit deelneem aan die openbare prosesse nie, maar na die tyd nie tevrede is met die besluite wat geneem is nie. Deelname aan openbare prosesse is deel van die demokratiese regering. Hou asseblief die media en/of ons webblad dop en gebruik u kans om u mening te lug.

Die elektrisiteitsverskaffingsverordening is 'n belangrike een wat tans dien en gebruik word om inwoners toe te laat om hul eie

I was in the privileged position to speak to experts at the university about this and there are so many innovating inventions that will hopefully make saving and reusing water much easier in the future. It is encouraging to know that there are a bunch of clever people working on this.

Let us overcome this crisis together. Residents who do not save will definitely feel it in their pockets. The new water tariffs began on 1 July 2017 and level 4 water tariffs are also in effect.

Traffic congestion

One of the challenges we are now starting to address is the traffic flow and we are starting by upgrading several intersections. Intersections along the provincial road that experience serious congestion have been listed on a priority list and will be upgraded as the budget for it becomes available. The work on the first three will start at the end of August and includes: R44/ Merriman Ave, R44/Bird Street/Koelenhof Road and Helshoogte Road/Lelie Street. The upgrades will provide additional lanes and some will be fitted out with new traffic lights. This work will cause some delays and we ask that you please allow for this in you travel time. I understand that the delays can result in frustration, but please be patient! When this work is completed, it will be to the benefit of us all.

Mooirivier Park

We give a lot of attention to green spaces and recently we opened the Mooirivier Park in Franschhoek. The park is equipped with gym equipment and provides a lovely green space for residents to enjoy. Green spaces are becoming increasingly important as urbanisation and densification increases. Our living spaces are limited and big yards are something of the past. As with many European cities, parks and green spaces are becoming increasingly important components in our daily lives as places where we play, exercise and socialise with friends and family. It is however extremely important that residents take responsibility for these spaces and help to keep it clean and protect it against vandalism. When you go for a walk, please take a plastic bag with and pick up any rubbish you see. That way, we ensure a better environment for all.

Public participation

We constantly need to look at our changing environment and legislation and that is why we are currently reviewing all our by-laws. It is very important that you take part in these processes when it is up for public participation, because it has a direct impact on what you can and cannot do in the municipal setup. Your inputs and participation is very important. We often find that people, who never took part in the public participation processes, are not happy about the decisions being taken. Participating in the public participation processes is part of the democratic government. Please keep an eye on the local media and/or our webpage and use every opportunity to air your view.

The provision of an electricity by-law is an important one that is currently serving and will allow residents to generate their own

krag op te wek en dit wat oortollig is terug te sit in ons stelsel. Twee ander belangrike verordeninge wat tans voor die Raad dien, is die verordening oor die skut van rondloperdiere asook die verordening oor die voorkoming van openbare oorlaste en die aanhou van diere. Beide spreek probleme aan wat ons as 'n munisipaliteit daagliks konfronteer. Ons het ook nou verordening oor watervoorsiening hersien en dit maak voorsiening vir 'n boetestelsel waarmee ons oortreders strenger mee kan vasvat.

Mooimaak met min water

Ek hoop u geniet ons bietjie winter voor die somer kom, wat volgens voorspellings baie warm en droog gaan wees. Dis vir my baie hartseer dat my groentetuin vanjaar braak lê, maar vir eers is waterbesparing die prioriteit. Nou vind ek maar troos in nuwe waterwysplante in potte wat met gryswater mooi bly.

Kom ons maak mooimaak met min water 'n uitdaging! Ek gaan rondry en kyk wie kry dit die beste reg! Skryf gerus vir my as u 'n besondere en mooi waterwystuin sien.

Groete,
Burgemeester Gesie

electricity and to put the excess back into the grid. Another two important by-laws serving at Council is the by-law to impound stray animals as well as the by-law of preventing public nuisances due to problem animals. Both speak to problems we are faced with on a daily basis. We have also reviewed the by-law on water provision and it will now provide for a fine system with which we will be able to reprimand transgressors.

Beautify with little water

I hope you enjoy the last bit of winter before summer returns, because according to all forecasts it is going to be warm and dry. It is really sad that my vegetable garden will be untended this year but for now saving water is a priority. I now find comfort in my new water wise potted plants that I water with grey water.

Let us make beautification with limited water a challenge! I will drive around and see who manages it the best! Please write to me when you see a beautiful water wise garden.

Regards,
Mayor Gesie

VLAK 4B WATERBEPERKINGS

SPAAR WATER

GEEN opvul of volmaak van swembad



Rapporteer wateroortredings
021 808 8215 / 8953

LEVEL 4B WATER RESTRICTIONS

SAVE WATER

ONLY 87L water usage per person per day

Report water transgressions
021 808 8215 / 8953